Skriflesing: Openbaring 22: 6 – 21
Teksvers: Openbaring 22: 12 “Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het.”

Loongeskille is deesdae aan die orde van die dag. Mense staak om daarmee te kenne te gee dat hulle dienste baie meer werd is as wat hulle betaal word.

In ons teksvers lees ons dat Jesus beloof het dat Hy by sy wederkoms die loon sal saambring vir die werk wat hy/sy gedoen het. Die beloning sal finaal, en waar en seker wees.
As ons weet wat God in die Bybel onder loon verstaan, sal ons ook weet wat die beloning is waarvan ons Here Jesus in ons teksvers praat.

Die eerste aanduiding van beloning vir werk gedoen sien ons in vers 14: Die beloning waarvan Jesus praat is dieselfde as wat Adam en Eva in die paradys ontvang het. Hulle moes gehoorsaam wees, dan kon hulle tot in ewigheid in ware kennis en heiligheid voortleef.

Kan ’n mens oor so ’n beloning kla?
Die Hebreeuse en Griekse woorde vir beloning in die Bybel hou verband met vergoeding, skuldvereffening en lone. Van Genesis tot Openbaring speel beloning ’n belangrike rol.. Die taak vir God se beloning is geloofsvolharding. Die beloning is om die paradys terug te kry.

Mag u en ek onder die geseëndes wees.